ITALTILE BEPERK VERKORTE GROEPRESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 DESEMBER 2015 EN OMSIGTIGHEIDSAANKONDIGING

ITALTILE Limited

Stelselwye omset
R3,08 miljard
2014: R2,72 miljard
Styg 13%

Handelswins
R531 miljoen
2014: R459 miljoen
Styg 16%

Verdienste per aandeel
44,3 sent
2014: 36,7 sent
Styg 21%

Wesensverdienste per aandeel
43,4 sent
2014: 35,7 sent
Styg 22%

Netto batewaarde
332 sent
2014: 271 sent
Styg 23%

Dividende per aandeel
14,0 sent
2014: 12,0 sent
Styg 17%

"In 'n mededingende handelsomgewing wat klantediens van 'n hoë gehalte beloon, het ons mense aan ons die voorsprong gegee." Nick Booth, HUB

Oorsig

Italtile Beperk is 'n franchisegewer en kleinhandelaar van plaaslike en ingevoerde teëls, sanitêre ware, badware, lamelvloermateriaal en ander verwante huisafrondingsprodukte. Die Groep se Kleinhandel-handelsmerke is CTM, Italtile Kleinhandel en TopT, wat bestaan uit 'n totale netwerk van 133 winkels in Suider- en Oos-Afrika. Die kleinhandelsbedrywigheid word strategies ondersteun deur 'n vertikaal geïntegreerde Voorraadketting, beleggings in sleutelverskaffers, en 'n omvattende eiendomsportefeulje.

Die prestasie waaroor vir die oorsigtydperk van ses maande verslag gedoen word, kan hoofsaaklik toegeskryf word aan:

- bestuur se verbintenis tot die inskerping van kleinhandelsuitmuntendheid regoor die sleutelkomponente van die Groepaanbod wat kliënte bedien, wat verbeterde vlakke van klantetevredenheid tot gevolg gehad het en verkope vir die tydperk laat toeneem het;
- die voordele wat behaal is deur die implementering van die Besigheidsoptimaliseringsprogram in die Groep se Voorraadketting- en Steundienste-afdelings en uitbreiding van die program na die Kleinhandel-handelsmerkbedrywighede; en
- die Groep se strategiese beleggings in sy hoof plaaslike verskaffers, Ceramic Industries Eiendoms Beperk ("Ceramic") en Ezeetile, wat verblydende resultate gelewer het en voortgegaan het om die besigheid se groei-agenda te ondersteun.

Bedrywighede

Kleinhandel-handelsmerke: Omset en wins van al drie die Groep se handelsmerke het gegroei en markaandeel regoor die meeste van hul handelswarekategorieë gewen.

Voorraadketting: Elk van die besigheidskomponente, International Tap Distributors ("ITD"), Distribusiesentrum en Cedar Point het verbeterde verkope en 'n merkbare verbetering in voorraadbestuur en kostebekamping aangeteken.

Belegging in geassosieerdes: Die totale bydrae tot Groepwinste deur sy geassosieerdes, Ceramic en Ezeetile, het met 63% gestyg.

Omsigtigheidsaankondiging

Italtile se aandeelhouers word in kennis gestel dat die Maatskappy samesprekings oor potensiële korporatiewe aksies aangegaan het wat, indien suksesvol, moontlik 'n wesenlike uitwerking op die prys van die Maatskappy se sekuriteite mag hê. Aandeelhouers word gevolglik aangeraai om omsigtigheid aan die dag te lê wanneer Italtile-sekuriteite verhandel word totdat 'n verdere aankondiging in hierdie verband gedoen word.

Bydrae tot Groep voor belasting



Verkorte aankondiging

Hierdie aankondiging is 'n opgesomde weergawe van die volledige aankondiging van Italtile se Nagegane Verkorte Groepresultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2015. As sodanig bevat dit nie volle of volledige besonderhede oor die Groep se resultate nie. Enige beleggingsbesluite moet geneem word met inagneming van die volle aankondiging soos op 11 Februarie 2016 op SENS vrygestel en op die Groep se webwerf by **www.italtile.com**.

Die volle aankondiging is ook gedurende sake-ure ter insae beskikbaar by die geregistreerde kantore van Italtile en sy borge, Merchantec Capital, en gratis afskrifte is op versoek by die Maatskappysekretaris beskikbaar, wie gekontak kan word by +27 11 882 8200 of by lizw@rootginger.co.za. Hierdie verkorte aankondiging is die direkteure se verantwoordelikheid.

Aandelekode: ITE **ISIN:** ZAE000099123
Registrasienommer: 1955/000558/06
In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer ("Italtile" of "die Groep" of "die Maatskappy")
Geregistreerde kantoor: Die Italtile-gebou, h/v William Nicolrylaan en Peter Place, Bryanston (Posbus 1689, Randburg 2125)
Oordragsekretarisse: Computershare Investor Services Eiendoms Beperk
Maatskappysekretaris: E J Willis **Borg:** Merchantec Capital **Ouditeur:** Ernst & Young Geïnk.

ITALTILE LIVE BEAUTIFULLY

CTM

top CASH & CARRY

www.italtile.com

BASTION GRAPHICS